

**22 April**

**1 Samuel 1 en 2:11 -17**

(Teks: 1 Samuel 2:6)

***Die HERE maak dood en maak lewend***

Die boek 1 Samuel vertel van 'n groot reformasie in Israel. Hofni en Pinehas, ontroue ampsdraers, het die kerk die afgrond in gelei. Hulle was net bekommerd oor hulle eie buik en nie oor die kerk van die HERE nie (1 Sam 2:11-17).

God werk egter herlewing uit die geestelike dood. Hy gebruik Hanna. Hanna se gebed is nie oor haar persoonlike kinderloosheid nie. Sy is 'beswaard in haar gemoed' oor voortvretende kerkbederf (1 Sam 1:16). Sy begeer Samuel vir die herstel van die kerk. Daarom, as God haar gebed verhoor, staan sy Samuel heelhartig aan die HERE en sy herstel-werk af. Sy loof die HERE (1 Sam 2:1-10). Hy het Goddelike kragte (1:11) ingespan om sy kerk te verlos. Dit was nie verlossing van 'n persoonlike vyand, Peninna nie, maar verlossing van die goddelose lewensbeskouing wat Peninna eie was: Ek steek jou die loef af deur die wat ek voortbring - 'n eg Filistynse lewensuitkyk.

Hanna daarenteen begeer en ontvang Samuel as 'erfdeel van die HERE' (Ps. 127:3). Op God se Woord gaan Hanna se moederskoot oop. Uit 'n onvrugbare vrou skep God sy reformator. Hy oorwin (ook met Christus se geboorte) nie deur die wil van 'n man nie, maar deur sy lewewekkende Woord. Dié Woord het Samuel verkondig. Daarmee het God Dawid gevorm vir sy taak - om God se regering oor Israel uit te oefen.

Vandag nog gebruik God manne en vroue, soos Hanna, mense wat opreg die reformasie van die kerk begeer. Laat u u deur Hom gebruik?

Sing Skrifberyming 1:4 en 5

Ds. N. Droomer (Die Kandelaar)